

DIE VOORSIENING VAN LEWENSMIDDELE AAN DIE BOEREKOMMANDO'S IN DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902

Fransjohan Pretorius

Universiteit van Pretoria

The provision of foodstuffs to the Boer commandos during the Anglo-Boer War, 1899-1902

This article investigates how the Boer commandos in the Anglo-Boer War of 1899-1902 obtained their food. During the conventional trench warfare phase this task was performed by government commissariats that had been established before the war. From the outset, however, commandos on all fronts experienced shortages due to factors such as mal-administration, favouritism, the lack of proper transport and an unequal distribution of supplies. In the guerrilla phase the commissariats were attached to the roaming commandos until government sources were depleted. Thereafter the commandos were forced to become self-sufficient, managing with whatever they could find in the area. The British scorched earth policy had destroyed a great deal of the available food, and as a result, serious concern was expressed at the Vereeniging peace talks on the situation in eleven districts of the ZAR and the district of Heilbron in the North-eastern Free State where conditions were particularly bad. This was one of the factors which moved the Boer delegates at Vereeniging to accept the British peace proposals on 31 May 1902.

In hierdie artikel word die wyse ondersoek waarop die Boerekommando's in die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 van lewensmiddele voorsien is. In die stellingkrygfasie van die oorlog is hierdie taak verrig deur regeringskrygskommissariate wat voor die oorlog opgerig is. Uit die staanspoor het kommando's egter aan alle fronte tekorte ervaar vanweë faktore soos 'n gebrekkige administrasie, bevoorregting, die gebrek aan behoorlike vervoer en 'n oneweredige verspreiding. In die guerrillafase is die krygskommissariate by die rondswerwende kommando's ingedeel totdat regeringsvoorrade uitgeput was. Daarna was die kommando's verplig om selfvoorsienend te raak met voorrade uit hulle omgewing. Die Britse verskroeiende aarde-beleid het groot hoeveelhede lewensmiddele vernietig, sodat daar by die vredesamesprekings by Vereeniging groot kommer was oor die toestand in 'n elftal distrikte in Oos-Transvaal en Heilbron in die Noordoos-Vrystaat. Tesame met ander faktore het dit die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging beweeg om die Britse vredesvoorwaardes op 31 Mei 1902 te aanvaar.

Kommissariaatreëlings met die uitbreek van die oorlog

Voor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 was die burgers op hulle plase grotendeels self-onderhoudend wat basiese lewensmiddele betref. Stedelinge kon op markte en by handelaars hulle daaglikse lewensmiddele aanskaf. Die oorlog het egter 'n problemsituasie geskep. Teen 11 Oktober 1899 was daar tussen 32 000 en 35 000 burgers van die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat reeds op kommando.¹ Teen Desember 1899 was daar waarskynlik soveel as 45 000 vegtende burgers in die veld.² Hoe sou hierdie groot getalle burgers van lewensmiddele voorsien word – ook in die guerrillafase, toe die boerderye ontwrig was, die regeringskommissariate leeg was, en die Republieke stelselmatig deur die

J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika* (Pretoria, 1969), I, p. 153.

2. F. Pretorius, "Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif, Unisa, 1988), p. 395.

Britse kolonnes leeggestroop en verwoes is? Die wyse waarop dit gedoen is, word in hierdie artikel ondersoek.

“Mondprovisie voor acht dagen.” Dit is wat die Vrystaatse krygswet van sy opgekommandeerde burgers vereis het. Daarna sou die staat voorsien.³ Die Transvaalse krygswet (Wet no. 20 van 1898) het geen sodanige bepaling ingesluit nie, sodat die krygskommissariate verplig was om die burgers uit die staanspoor van lewensmiddele te voorsien.

In die ZAR is die aankope, beheer en verspreiding van lewensmiddele vir die burgers op kommando opgedra aan 'n paar kommissies wat in Pretoria gesetel was. Die Proviandkommissie was belas met die aankoop van lewensmiddele, vee, perde en muile. Dit het reeds in Julie 1899 met sy werksaamhede begin en het bestaan uit P.J. Potgieter, burgemeester van Pretoria, as voorsitter, A.D.W. Wolmarans en S.W. Burger as lede van die Uitvoerende Raad, en F.C. Eloff, vrederegter en skoonseun van pres. Paul Kruger. Die sekretariële pligte is deur L. Wahl, 'n klerk in die kantoor van die Staatsekretaris, behartig.

Die Hoofkomitee van die Kommissariaat was belas met die beheer en verspreiding van die lewensmiddele wat deur die Proviandkommissie aangekoop is. Dit is op 28 September 1899, die dag nadat die Transvaalse burgers opgekommandeer is, deur die Uitvoerende Raad in die lewe geroep. P.J. Potgieter was ook die voorsitter van die Hoofkomitee wat verder bestaan het uit E.H. de Waal, die Inspekteur-generaal van Invoerregte, J. Duiven, die Hoof-inspekteur van Kantore, en J.D. Celliers, sakeman en bekende vendusie-afslaer. F.W. Wagner, die hoof van die Staatsmodelschool, het as sekretaris opgetree.

Ten einde die werksaamhede te laat vlot, het die Hoofkomitee subkomitees in die ver naamste buitelandse distrikte en op belangrike plekke aan die front in die lewe geroep. Die subkomitees in die buitelandse distrikte het die taak gehad om opgawes te maak van die pryse en die hoeveelheid lewensmiddele en ander goedere wat in die plaaslike winkels voorhande was. Wanneer dit nodig was, kon die Hoofkomitee dit dan bekom. Die subkomitees aan die front het op gedentraliseerde wyse as depots vir die Hoofkomitee gedien. Hulle was verantwoordelik vir die behoorlike uitreiking van die voorrade aan die krygskommissarisse van die verskillende kommando's.⁴

Landdroste het met die bevoorrading van die kommando's gehelp. Met geld wat hulle van die Tesourier-generaal ontvang het of deur middel van kwitansies waarvan die rekeninge aan die Kommandant-generaal of die Hoofkomitee gestuur is, het die landdroste lewensmiddele uit hul distrikte opgekoop en dikwels self na die kommando's deurgestuur.⁵

Die Vrystaatse regering het op 17 Augustus 1899 reëlings vir sy kommissariaat getref toe W.J.C. Brebner en T.C.L. Bergstedt as krygskommissarisse benoem is om vir die lewering van voorrade te sorg. Die Direkteur-generaal van Spoorweë is gelas om bergplek vir die voedselvoorrade van die kommando's aan die kommissariaat te verskaf. Twee weke later het die kommissariaat die reg verkry om betroubare persone in die verskillende distrikte aan te stel om slagvee op te koop.⁶

3. C.R. de Wet, *De Strijd tusschen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), p. 1.

4. Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), W41, Rudolph Kühn-aanwins, 5, Sirkulêre van Staatsekretaris F.W. Reitz aan landdroste, ens., 3.11.1899; SS, 8061, 1899, R13501/99, 9.10.1899; UR, 104, URB art. 867, 28.9.1899; TAB, T138, Inventaris van die Argief van die Proviandkommissie 1899-1900, p. 1; TAB, T138, Inventaris van die Argief van die Sekretaris van die Hoofkomitee van die Kommissariaat, 1899-1900, p. 1; J.H. Breytenbach, I, p. 98.

5. TAB, Landdrosstukke, Lichtenburg, 1, S.P. du Toit - Landdros, 23.12.1899; *Ibid.*, 12, Landdros - A.P. Cronjé, 6.10.1899, p. 370; *Ibid.*, Landdros - P.J. Joubert, 16.11.1899, p. 428; *Ibid.*, Landdros - HCC, 16.11.1899, p. 429; *Ibid.*, Landdros - P.J. Joubert, 19.12.1899, p. 464; *Ibid.*, Landdros - P.J. Joubert, 17.1.1900, p. 519.

6. A. Kieser, *President Steyn in die Krisisjare* (Kaapstad, 1939), p. 192.

Die Vrystaatse kommissariaat het sterk op die Proviand-kommissie van die ZAR gesteun en was dit in 'n groot mate 'n gesamentlike poging met die ZAR die senior vennoot wat die burgers op kommando van lewensmiddele en ander voorrade voorsien het. Op 19 Oktober 1899 het konsul-generaal Gerard Pott in Lourenço Marques die Vrystaatse kommissariaat in Bloemfontein ingelig dat alle beskikbare voorrade deur Pretoria opgekoop is. Hy het die Vrystaatse kommissariaat aangeraai om vir die oomblik en in die toekoms by die Proviandkommissie in Pretoria om voorrade vanuit Lourenço Marques aansoek te doen.⁷ Dit wil egter voorkom asof die Vrystaatse sowel as die Transvaalse subkomitees op die onderskeie fronte in die eerste plek die kommando's van hul eie staat van voorrade voorsien het.

Vir die lewering van voorrade aan die fronte het die spoorweë en paaie 'n deurslaggewende rol gespeel. Met die oog op die dreigende oorlog het die regering van die ZAR op 13 September 1899 die spoorweë wat hoofsaaklik die eiendom van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (die NZASM) was, in die Republiek onder staatsbeheer geplaas. Die spoorweë in die Vrystaat het reeds aan die Vrystaatse regering behoort.

Die hoofspoorlyn vanaf Pretoria en Johannesburg na Port Elizabeth in die Kaapkolonie het van Vereeniging af feitlik reguit in 'n suidwestelike rigting deur die Vrystaat geloop tot by Norvalspont aan die Oranjerivier, die noordelike grens van die Kaapkolonie. Dit is aangevul deur die spoorlyn wat vanaf Springfontein, sowat 50 km noord van Norvalspont, na Oos-Londen afgedraai het en die Vrystaatse suidgrens by Bethuliebrug, 50 km oos van Norvalspont, oorgesteek het.

Die spoorwegverbinding van die ZAR met Natal het vanaf Pretoria oor Johannesburg gestrek, die grens by Volksrust oorgesteek en oor Newcastle, Ladysmith en Colenso na Durban geloop. Die Pretoria-Delagoabaaispoorlyn oor Middelburg en Nelspruit het die Mosambiekse grens by Komatipoort gekruis. Vanaf Pretoria het daar 'n spoorlyn na Pietersburg gegaan, terwyl die Hoofstad ook per spoor oor Johannesburg en Potchefstroom met Klerksdorp in Suidwes-Transvaal verbind was.⁸

Die teenwoordigheid van die spoorlyne het die aanvoer van voorrade na die Natalse en suidelike fronte oneindig vergemaklik. Daarteenoor het die spoorlyne van Pretoria na Klerksdorp en na Pietersburg beteken dat die voorrade na die uitgestrekte wesfront en na die afgeskepte noordelike front slegs gedeeltelik per spoor vervoer kon word. Daarna was dit van ossewa-vervoer afhanklik.

Al die dorpe van die Republiek was deur privaot of openbare paaie oor plase met mekaar verbind, maar dit was nie geskik om die swaar vervoer van voorradekonvooi te dra nie. Dit het gevolglik gou en veral in reëntye feitlik onbegaanbaar geraak en sodoende die gereelde voorsiening van voorrade aan die kommando's ernstig belemmer. Daarbenewens was trek- en rydiere met die uitbreek van die oorlog oor die algemeen swak en maer.⁹

Kommissariaatprobleme in die stellingkrygfase

Voor die uitbreek van die oorlog is die hoofmagte van die twee vyandige leërs aan die Natalse front teenoor mekaar geplaas. Zandspruit, 'n paar kilometer noordwes van Volksrust aan die Natalse spoorlyn, was die eerste konsentrasiepunt van die Transvaalse kommando's aan die Natalse grens. Die kommando's was goed bewapen en van voldoende ammunisie voorsien, maar wat die voorrade lewensmiddele betref, was dit 'n treurige en sorgwekkende toestand.

7. TAB, A239, Maj. A.L. la C. Bartrop-aanwinst, G. Pott – Kommissariaat van Bloemfontein, 19.10.1899.

8. J.H. Breytenbach, I, pp. 101-102.

9. *Ibid.*, p. 103.

DIE STELLINGKRYGFASE, OKTOBER 1899 - FEBRUARIE 1900



Dit is hoofsaaklik teweeggebring deur die chaos aan die spoorlyn en die gebrekkige administrasie van die krygskommissariaat. Lang, leë treine wat die burgers by Zandspruit afgelaai het, het 'n oponthoud veroorsaak en meegebring dat voorrade nie na die hooflaer kon deurkom nie.¹⁰ "Het ging in het begin uiterst beroerd", getuig Nico Hofmeyr oor die voedselposisie: "Dagen lang was er geen brood. Die geen beschuit, door vrouw, of vriendin, of zuster voor hem gebakken, bij zich had, moest meermalen honger lijden. Want zelfs met het slachten van vee ging het toen ongeregeld."¹¹

Dietlof van Warmelo van die Pretoriadorkommando vertel dat hul veldkornet, Melt Marais, voor hul vertrek na die front nog die burgers gerusgestel het dat hulle vir niks hoef te sorg nie behalwe vir 'n paar dae se voedsel, aangesien die Regering hulle te Zandspruit van die nodige sou voorsien. Wat 'n ontnugtering, verklaar hy, toe hulle by Zandspruit aankom en bemerk dat daar nog geen tente of proviand was nie: "Zoo werden wij ingewijd en ontgroend, door de eerste nachten van ons commandoleven in het open veld te moeten doorbrengen en wel zonder voldoende voedsel."¹²

Op 5 Oktober 1899, twee dae ná sy aankoms te Zandspruit, het genl. Piet Joubert aan sy sekretaris in Pretoria getelegrafeer dat daar vreeslik oor kos gekla word. Swaarmoedig het hy bygevoeg dit lyk of honger dreig om hulle te verslaan.¹³ Die krygskommissariaat was kennelik glad nie voorbereid om die voorradeprobleme wat op hierdie groot skaal opgeduik het, te hanteer nie.

Dat die situasie nie spoedig verbeter het nie, blyk uit 'n telegram van Joubert aan die Onderstaatssekretaris in Pretoria die dag nadat die oorlog uitbreek het: "Ik wil geen klachten maken maar ik weet dat gij en niemand een denkbeeld kunt vormen van de moeilykheden waarmede ik hier heden te kampen heb. Hier is bijna niet een commando dat gereed en klaar is. Alle proviand en dingen zijn hier opgehoopt, en nu pakt elk een zoveel hij wil en kan, en voor de rest zit ik met alles en de moeite. Het eene commando ontbreekt nog trollies, het andere nog tuigen, zadels of muilen, enz. Elk een ontbreekt nog wat, en ofschoon krijgskommissies [bestaan], krijgskommissarissen komt toch elkeen om van mij te eischen en te vragen wat hem ontbreekt, en op mij afgooien wat hij te veel heeft."¹⁴

Vir 'n burger soos Deneys Reitz van die Pretoriadorkommando was die kommissariaat-reëlings eenvoudig. Die veldkornet het naastenby geweet hoeveel burgers hy onder hom gehad het en hy het bloot 'n paar man na die kommissariaat gestuur waar hulle soveel sakke meel, suiker en koffie as wat hulle nodig ag, geneem het, op 'n wa gelaai en in die middel van die laer neergesmyt het vir elke korporaalskap om sy behoeftes te bevredig. Vleis is uit die veestapel van die Regering verkry, waar elke kommando eenvoudig soveel slagvee gehaal het as wat hy wou hê.¹⁵

Dit wek geen verbasing nie dat die voorsiening van lewensmiddele, klerasie en toerusting onder hierdie omstandighede in totale wanorde was. As krygskommissaris van die Pretoriadorkommando het G.J. Roosegaarde aan sy vrou erken dat hy aanvanklik baie besig was, omdat die kommissariaat gewoonlik nie in orde was nie.¹⁶ Die veldslae van Talana en

10. J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis* (Pretoria, 1957), 1957(I), p. 230.

11. N. Hofmeyr, *Zes Maanden bij de Commando's* ('s-Gravenhage, 1903), pp. 69-70.

12. D.S. van Warmelo, *Mijn Commando en guerilla Commando-leven* (Amsterdam, 1901), p. 12.

13. TAB, Argief van die Kommandant-generaal (hierna KG), 816, P.J. Joubert – Sekretaris KG, 5.10.1899; J.H. Breytenbach, I, p. 163.

14. TAB, KG, 346, P.J. Joubert – Onderstaatssekretaris, 12.10.1899, p. 24; J.H. Breytenbach, I, p. 163.

15. D. Reitz, *Commando* (London, 1929), p. 22.

16. TAB, A371, S.P. Engelbrechtversameling, 37, G.J. Roosegaarde, – Vrou, 7.10.1899.

Elandslaagte op onderskeidelik 20 en 21 Oktober 1899 en die verspreiding van die Boermagte het die wanorde in die bevoorrading van die kommando's verhewig. Op 23 Oktober het die Kommandant-generaal die krygskommissaris op Volksrust streng betig omdat daar al verskeie male tevergeefs eetbare brood vir die burgers aangevra is. Sarkasties het hy afgesluit: "De Engelschen behoeven hen niet te verslaan. De Pretoria bakkerij, de regen, de altijd door-natte kleeren, met een woord gebrek en ellende zullen het doen. Als menschen zooveel lijden dan is vechten onmogelijk."¹⁷

Teen einde Oktober 1899 is die hoofkrygskommissariaat vir die Natalse front by Elands-laagtestasie, sowat 20 km noordoos van Ladysmith, opgerig, terwyl spoorweghaltes soos Glencoe en Dundee as subdepots gedien het.

Die Hoofkomitee het op 27 Oktober 1899 'n lys van die lewensmiddele opgestel wat die komitee ten behoeve van die kommando's verskaf. Dit het bestaan uit:

brood per lb., beskuit per lb.
 vet en reusel (varkvet) per kis van 100 lbs.
 rou koffiebone per sak van 133 lbs.
 gemaalde koffie per sak van 133 lbs.
 flour (meelblom) in sakke van 100 en 200 lbs.
 skaapvleis, in kiste van 96 lbs.
 'corned beef' in kiste van 48 lbs.
 suiker in sakke van 75 lbs.
 Rangoonrys in sakke van 224 lbs.
 witrys in sakke van 168 lbs.
 tee in kiste van 14 en 56 lbs.
 sout in sakke van 200 lbs.
 seep in kiste van 56 lbs.
 kerse in kiste van 25 pakke.
 vuurhoutjies in kiste van 50 gros.
 boermeel, mielies en sorghum in sakke.
 rolle en gekerfde tabak per lb.¹⁸

In die eerste week van November 1899 was die bevoorrading van die kommando's aan die Natalse front egter steeds nie na wense nie. Verskeie klagtes, onder meer van genl. Louis Botha, het die Proviandkommissie bereik.¹⁹

In sy verweer teen die klagte van Botha het N. Pretorius, die krygskommissaris van Glencoe, op 8 November 1899 teenoor die Proviandkommissie verklaar dat soveel persone hulle voordoens as lede van die subkomitee en krygskommissariaat dat dit vir hom bitter moeilik is om vas te stel van wie hy nou eintlik bevele kan ontvang.²⁰ Nieteenstaande instruksies van A.D.W. Wolmarans het niksdoeners inderdaad vir persoonlike gewin by die kommissariate rondgedwaal. Daar het hulle geaas wat hulle kon en die voorrade opgebruik wat vir die burgers op kommando bestem was.²¹

'n Paar Nederlanders het onafhanklik van mekaar verklarings vir die probleme by die kom-

17. TAB, KG, 346, P.J. Joubert – SCC van Volksrust, 23.10.1899, p. 333; J.H. Breytenbach, I, p. 163.

18. TAB, Argief van die Sekretaris van die Hoofkomitee van die Kommissariaat (hierna HCC), 8, Lijst van behoeften enz welke door het Hoofd Comité v/h Commissariaat worden verschaft ten behoeve van commando's, 27.10.1899.

19. TAB, Argief van die Proviandkommissie (hierna C3, 43), Proviandkommissie – SCC van Elandslaagte, Glencoe, ens., 7.11.1899.

20. TAB, C3, 43, N. Pretorius – Proviandkommissie, 8.11.1899.

21. TAB, C3, 43, Proviandkommissie – N. Pretorius, 3.11.1899.

missariate probeer vind. G.J. Roosegaarde het droogweg opgemerk dat die Boere seker goeie vegters is, maar organisasientalent het hulle nie.²² Hendrik Verloren van Themaat het hierby aangesluit deur die warboel by Elandslaagte toe te skryf aan 'n gebrek aan goeie organisasie en nie aan 'n gebrek aan amptenare nie.²³ Dr. D. Romeyn van die Eerste Nederlandse Ambulans het daarop gewys dat die skryfwerk by die kommissariate op 'n eenvoudige grondslag was, sodat die administrasie swak en die kontrole ondoeltreffend was en vele hulself kon verryk.²⁴

Daadwerklike pogings is aangewend om die toestand te verbeter. Reeds op 8 November kon krygskommissaris Pretorius berig dat daar 'n magasyn op Modderspruit, tussen die kommando's, opgerig word.²⁵ Terselfdertyd het die Proviandkommissie vir T.J. Krogh met 'n personeel na die Natalse front gestuur om sake op 'n gesonde grondslag te probeer plaas.²⁶

Ná Joubert se terugkeer einde November van sy ekspedisie in die rigting van Estcourt het die Boere ook defensiewe stellings onder Botha op die noordelike oewer van die Tugela ingeneem, sodat die bevoorrading van die kommando's aan die Natalse front oor 'n baie wye terrein gestrek het. Dit het die doeltreffendheid van die voorsiening verder nadelig beïnvloed.

Vir die Nederlandse vrywilliger, Cornelis Plokhoooy, was die krygskommissariaat te Modderspruit 'n indrukwekkende skouspel. Hy vertel dat groot hoeveelhede lewensmiddele en klerasie daar in chaos opgestapel gelê het. Iemand wat dit nie aanskou het nie, kon volgens Plokhoooy onmoontlik vir homself 'n voorstelling van die verbasende massas maak. En dan al die drukte, vervolg hy. Hoor en sien vergaan. Tientalle trollies, bespan met honderde muile, en ossewaens, elk bespan met agt of sestien osse, staan daar te wagte op die vragte wat hulle na die verskillende veldkornetskappe moet vervoer. Swartes skreeu en raas, terwyl blankes driftig heen en weer loop en af en toe 'n swarte "eene lieflijke vermaning" gee. Alles krioel deurmekaar. Niemand het vir iets anders 'n oog as vir sy wa en sy voorraad nie. En dit is ook nie heeltelmal oorbodig nie, aangesien juis hier soveel skaduwees rondswaal wat nie daarteen opsien om die een en ander buit te maak nie.²⁷

Diefstal van voorrade in loodse en op die treine onderweg na Elandslaagte het ook op groot skaal voorgekom. Die direksie van die NZASM is sedert einde Oktober 1899 herhaaldelik deur die sekretaris van die Hoofkomitee op tekorte op besendinge na die front gewys. Dit was veral sout, koffie, suiker, meelblom, seep, vuurhoutjies, parafien, hawer en klerasie wat vreem is.²⁸

Die probleem van diefstal is nooit werklik opgelos nie. Met die terugval van die Boeremagte rondom Ladysmith na die Biggarsberg aan die begin van Maart 1900 het dit uit die stapels sakkies suiker langs die pad geblyk hoeveel daar deur oneerlike persone gesteel is – en dit nadat daar weke lank 'n gebrek aan suiker by die kommando's ondervind is.²⁹

Die losse administrasie, bevoorregting deur die krygskommissaris, die gebrek aan be-

22. TAB, A371, S.P. Engelbrechtversameling, 37, G.J. Roosegaarde – J. Jorissen, 6.10.1899.

23. H. Verloren van Themaat, *Twee Jaren in den Boerenoorlog* (Haarlem, 1903), pp. 13-14.

24. D. Romeyn, *Met de 1e Nederlandsche Roode Kruis-ambulance naar Zuid-Afrika*, Derde korrespondensie (Geen plek of datum), pp. 3-4.

25. TAB, C3, 43, N. Pretorius – Proviandkommissie, 8.11.1899.

26. TAB, C3, 43, Proviandkommissie – N. Pretorius, 8.11.1899.

27. C. Plokhoooy, *Met den Mauser*, 2de uitg. (Gorinchem, 1902), pp. 44-45.

28. Vgl. bv. besware van die HCC aan Direksie en Chef van Exploitatie van NZASM in TAB, HCC 40, 1, 14.11.1899, p. 325, 27.12.1899, p. 427, 29.12.1899, pp. 439-440, 4.1.1900, p. 454; HCC 40, 2, 27.10.1899, p. 22, 29.1.1900, p. 143, 8.2.1900, pp. 178-179 en 28.2.1900, p. 244.

29. C. Plokhoooy, p. 102.

hoorlike vervoer en die moeilik begaanbare bergwêreld het 'n oneweredige verspreiding van voorrade veroorsaak. Kommandantskappe naaste aan die kommissariate was gewoonlik in die beste posisie om van die beskikbare voorrade te bekom. Dit was veral duidelik toe voorrade opgehoop het, soos oor die Kersfees van 1899.³⁰ Aan die Tugela het Botha einde Desember 1899 by die krygskommissaris by Elandslaagte beswaar gemaak dat daar absoluut geen kontrole op die transportdiens en aflewering aan sy front bestaan nie. “Zooals het nu gaat krijgt het commandantschap dat het naaste by is alles en die het werkelyk noodig heeft niets”, het hy die situasie geskets.³¹ Dit was veral na aanleiding van sy ervaring twee dae tevore, op Kersdag 1899, toe die kommando's onder genl. C.E. Fourie op die uiterste regterflank gebrek gely het omdat een offisier al die voorrade, onder meer tagtig sakke brood, vir sy burgers opgeëis het.³²

Ook die rapportgangerskorps van kapt. Danie Theron het oor die Kersfees van 1899 ervaar dat die voorposte aan die Tugela sleg bedien word. Theron wat spoedig by sy verkenners as “Kaptein Dik-eet” bekend sou staan omdat hy so goed vir die mondbehoefte van sy korps gesorg het, het op 24 Desember by die Proviandkommissie beswaar gemaak omdat hulle so afgeskeep word. Sy korps was steeds op die voorhoede, ver van die treinspoor waar alles afgelaai word, het hy verduidelik. Hy stuur dikwels sy wa na die kommissariaat, maar dit keer altyd terug met die tyding dat daar geen groente is nie – alles word daar weggehaal deur die laers wat rondom Ladysmith lê en sy korps moet maar toesien. Hulle doen rapportry en verkenningswerk, en dan veg hulle nog saam met die burgers, dus sou hy graag vir sy manskappe in hierdie tyd iets lekkers wil hê. “Het is toch hard om voor 3 maanden lang net op drooge brood, vleesch en rijst te leven,” het hy sy betoeg afgesluit.³³

In die moeilik bereikbare skanse aan die Tugelalinie het die burgers trouens dikwels honger gely. Die burgers onder vk. M.G. Pretorius van wyk Apiesrivier, Pretoriakommando, het voor die slag van Spioenok in Januarie 1900 drie etmale sonder kos deurgebring. Alleen snags kon hulle gaan water drink uit 'n fontein wat onder die vyandelike geweervuur gelê het. Koffie of meel was daar in die reël nie, en hoewel hulle snags vleis ontvang het wat swartes vir hulle uit die laer gebring het, was hulle vanweë veiligheidsoorwegings verbied om vuur te maak.³⁴

Die honger het volgens 'n Nederlandse vrywilliger twee uiteenlopende uitwerkings op die burgers gehad. Sommige het verdrietig en grimmig geword en met almal getwis. Ander het weer op 'n manier opgewek geraak en grappe gemaak oor wat hulle sou bestel as hulle nou in 'n eersteklas hotel sou kom.³⁵ Uit ervaring aan hierdie front kon Dietlof van Warmelo verklaar dat mens honger moes gely het om te weet wat dit beteken.³⁶

Die bevoorrading van die burgers aan die uitgestrekte suidelike front het voor ontsaglike probleme te staan gekom. Die hoofkrygskommissariaat is by Donkerpoort in die Vrystaat, aan die hoofspoorlyn na Noupoot en 'n paar kilometer van die Oranjerivier, opgerig. Hiervandaan is die kommando's deur middel van subdepots by Norvalsfont en Colesberg in die suidweste, Bethulie in die ooste en Aliwal-Noord nog verder oos, oor 'n afstand van meer as 130 km bedien – en ellendig sleg bedien. Soos aan die Natalse front, was dit nie aan 'n gebrek aan voorrade te wyte nie, maar aan powere organisasie.

30. TAB, KG, 818, Afdelingchef – P. Joubert, 31.12.1899, p. 150.

31. TAB, Prellerversameling, 12, L. Botha – SCC van Elandslaagte, 27.12.1899, pp. 67–68.

32. TAB, Prellerversameling, 10, L. Botha – C. Fourie, 25.12.1899, p. 96.

33. TAB, HCC, 10, D. Theron – Proviandkommissie, 24.12.1899.

34. C. Plokhooy, pp. 82 en 87–88.

35. *Ibid.*, p. 84.

36. D.S. van Warmelo, p. 21.

Kmdt. G.M.J. van Dam van die Johannesburgse Polisie het ervaar dat die kommissariaat-reëlings by Colesberg veel swakker as dié in Natal was. Toe hy genl. H.J. Schoeman vroeg in Januarie 1900 nader om behoorlike reëlings daar te stel, het hy ten antwoord gekry “dat ieder self maar moest zorgen voor wat hy nodig had”. Dit was nie ydele woorde nie. Van Dam het spoedig uitgevind dat daar voldoende voorrade op Norvalspont was, maar dat daar geen stelsel was waarvolgens die hoeveelheid per man bepaal is nie. In plaas daarvan dat elke kommando as ’n geheel voorrade ontvang, gaan daar gedurig waens heen en weer ten behoeve van enkelinge, sodat daar baie gemors word.³⁷

Die burgers aan die suidelike front moes dikwels lewensmiddele ontbeer omdat hulle van stadig-sukkelende goederewaens oor lang afstande afhanklik was.³⁸ Dit het ook dikwels gebeur dat vragte onderweg na ’n subdepot deur een of ander offisier opgekommandeer is lank voordat dit hul bestemming bereik het.³⁹ In Januarie 1900 het die korrespondent van *De Volksstem* bevind dat voedsel op Colesberg besonder skaars was. Dit was geen gasvryheid nie, maar barmhartigheid indien ’n burger ’n bietjie kos aan ’n vreemdeling afstaan.⁴⁰ Ofskoon die aanstelling van die energieke vk. M.H.O. Preller in Januarie 1900 as asst.-krygskommissaris te Norvalspont na bewering bevorderlik vir die organisasie van die kommissariaat was,⁴¹ is die chaos nooit werklik beëindig nie.

Die wesfront was ten opsigte van die voorsiening van voorrade ongetwyfeld die slegste daaraan toe. Die front het oor meer as 400 km gestrek met Boerekonsentrasies om Mafeking en Kimberley en naby die Modderrivier. Daarbenewens was dit, soos aangetoon, slegs gedeeltelik per spoor bereikbaar, waarna voorrade oor swak paaie per ossewa vanaf Klerksdorp en Bloemfontein vervoer moes word.⁴²

Soos elders was die administrasie van die kommissariaat aan die wesfront in chaos. Aanvanklik is daar te veel voorrade uitgedeel, waardeur daar later gebrek ontstaan het.⁴³ Dit het die Nederlander Abraham Stafleu van die Maricokommando by Mafeking einde Oktober 1899 opgeval dat daar oor niks eintlik kontrole bestaan nie. As iets deur gebrek aan reëlings skeefloop – en talle burgers het van dié gebrek aan orde gebruik maak – was daar wel ’n algemene ontevredenheid, maar dit het nie uitgeloop op die aanstelling van iemand wat die administrasie verstaan nie. Alles het “op ’n manier” gegaan, sodat die burgers dikwels onnodig swaar gekry en die offisiere steeds moeite gehad het.⁴⁴ Teen einde November 1899 teken Stafleu aan dat daar nie betyds voorsiening vir voedsel gemaak word nie. Dit skyn ’n algemene karaktertrek by die Boere te wees om eers te sorg wanneer die nood aan die man is, en hiermee is die Boere baiekeer te laat. Hy sê dat daar ook baie burgers was wat dit ingesien het, maar hulle kon geen invloed uitoefen op koppige leiers soos genl. J.P. Snyman wat in beheer van die beleg van Mafeking was nie.⁴⁵ Vroeg in November 1899 was Stafleu beïndruk

37. TAB, A1044, Dr. J. Ploeger-aanwys, Herinneringe van kmdt. G.M.J. van Dam, 2, p. 101.

38. Vgl. bv. A.G. Oberholster, *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers* (Pretoria, 1978), 31.12.1899, p. 52 en 8.1.1900, p. 58.

39. *De Volksstem*, 22.1.1900.

40. *Ibid.*

41. Private versameling, F.H. Beyers, Oorlogsrapporte van C.F. Beyers, korrespondent van *The Standard and Diggers' News*, Colesberg, 25.1.1900, p. 28.

42. N. Hofmeyr, p. 218; C. Reichmann, *Report on the Operations of the Boer Army* (Washington, 1901), p. 107; J.H. Breytenbach, I, p. 103.

43. TAB, KG, 910, P. de la Rey – S.P. du Toit, 14.12.1899, p. 45; A.P. Smit en L. Maré, *Die Beleg van Mafeking* (Pretoria, 1985), 30.11.1899, p. 126; TAB, A1379, A. de Wet-aanwys, A. de Wet – Vrou, 12.10.1899.

44. A.P. Smit en L. Maré, 25.10.1899, p. 79.

45. *Ibid.*, 30.11.1899, p. 126.

met die goeie administrasie en voedselvoorsiening by die Potchefstromers in teenstelling met die wanorde by sy eie kommando, en het hy dit aan goeie leiding en organisasie toegeskryf.⁴⁶

Die wesfront-burgers het dit inderdaad swaar te verduur gehad. Op 21 Oktober 1899 het L.D.C. Bosman aan sy vrou geskryf dat hy maagpyn het van die ruwe kos. 'n Week later gevolg hy dat hulle baie lanklaas brood gehad het; slegs pap en vleis, of stormjaers en vleis, en dan nog altyd swart koffie.⁴⁷ Wanneer lemoene op 30 Oktober 1899 in die laer te koop aangebied word, juig Stafleu dat as mens dae en weke aaneen, soggens, smiddae en saans niks anders geëet het nie as droë brood of beskuit met koffie en half gaar geroosterde vleis, dan is vrugte soos medisyne.⁴⁸ Selfs die etes van genl. Piet Cronjé en sy staf was volgens J. Jorissen "zeer slecht." Nadat mev. Cronjé by haar man aangesluit het, het dit met die etes nog slegter gegaan. Die hoofbestanddele was ook vleis en brood of beskuit met koffie – "en welk een koffie!", onthou Jorissen.⁴⁹

Teen einde November 1899 het die voorrade-situasie aan die wesfront besonder sleg begin lyk. Met die uitsondering van vleis was die hoeveelheid lewensmiddele nou onvoldoende. Vir die burgers was dit 'n vreemde ervaring nadat daar met tye kwistig met die voorrade omgegaan is.⁵⁰ In Desember 1899 het die Lichtenburgers rondom Kimberley gekla "dat het onhoubaar ben van honger en dat zij zoo goed als niets ontvangen heef."⁵¹ Ook die Potchefstroomkommando, nou by Magersfontein, het vroeg in Januarie 1900 powere diens van die kommissariaat ontvang.⁵² 'n Engelssprekende Vrystater, A.G. Bradfield, het vroeg in Februarie 1900 van Jacobsdal, net oos van die Magersfonteinstellings, getuig: "I have never come across such a miserable hole as this place. One can hardly get anything you want here."⁵³ Bradfield kon net sowel die hele westelike front in hierdie stadium in gedagte gehad het.

Aan die uitgestrekte en yl-bemande noordelike front met sy moeilike verkeersverbindinge en 'n besonder swak georganiseerde krygskommissariaat het die burgers uit die staanspoor 'n gebrek aan voorrade ondervind. Klagtes oor die gehalte van die voorrade of dat voorrade hulle nie bereik nie, was volop. "Zoo onder anderen is het meel te slecht voor kaffers laat staan voor witmensen", het vk. N.J. Meyer van wyk Hexrivier van die Rustenburgkommando op 24 November 1899 vanuit Gaberones by die Hoofkomitee gekla.⁵⁴ 'n Maand later het wnd. kmdt. H.L. Lombard van die Waterbergkommando aan die Krokodilrivier gewaarsku dat hy die burgers uitmekaar sal moet laat gaan vanweë 'n gebrek aan voedsel.⁵⁵

Op sy besorgde navrae oor die posisie aan die noordelike front het die Proviandkommissie op 10 November 1899 van die landdros op Pietersburg ten antwoord gekry dat soveel voedsel moontlik gereeld na die laers gestuur word, dog wanbestuur in die laers maak alles deurmekaar.⁵⁶ Van 'n opmerksame en kritiese Nederlander, H. de Munnik, word einde Oktober 1899 bevestiging vir hierdie standpunt verkry. Die versorging in die laer is sleg, skryf hy. Die

46. *Ibid.*, 5.11.1899, p. 107.

47. RGN, Briewe van L.D.C. Bosman aan sy vrou, 21 en 28.10.1899.

48. A.P. Smit en L. Maré, 30.10.1899, p. 93.

49. TAB, A10453, Dr. J. Ploeger-aanwins, Herinneringe van J. Jorissen, p. 36.

50. A.P. Smit en L. Maré, 30.11.1899, p. 126.

51. TAB, KG, 910, B.G. Bodenstein – S.P. du Toit, 8.12.1899, p. 28.

52. *De Volksstem*, 9.1.1900.

53. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein (hierna OM), Korrespondensie, 6, A.G. Bradfield – Max, 6.2.1900.

54. TAB, HCC, 39, N.J. Meyer – HCC, 24.11.1899.

55. TAB, HCC, 39, H.L. Lombard – Landdros van Waterberg, 26.12.1899.

56. TAB, C3, 43, Proviandkommissie – Landdros van Pietersburg, 10.11.1899.

een kry alles die ander niks.⁵⁷ 'n Maand later teken hy breedvoerig aan hoe die koskorporaal tot eie voordeel en dié van sy maats ongerymdheid met voorrade bedryf.⁵⁸

Aan alle fronte was dit die taak van die krygskommisaris of koskorporaal van elke veldkornetskap om die benodigde voorrade met behulp van 'n aanvraag, geteken deur die veldkornet of sy gevolmagtigde, by die kommissariaat te bekom. Elke veldkornetskap moes self sorg vir die vervoer van die voorrade van die kommissariaat na die laer. Die private waens van die burgers is daarvoor aangewend.⁵⁹

In spanning het die burgers die terugkoms van die koskorporaal of sy verteenwoordiger afgewag.⁶⁰ In die laer aangekom, vertel E. Boursse van die Heidelbergdorpkommando, klim die koskorporaal op sy wa en roep byvoorbeeld: "Jan van Jaarsveld se mense meel ontvang!" Daarop skaar die burgers wat vir Van Jaarsveld tot koskorporaal het, hulle om sy wa en ontvang elkeen 'n paar bekere meel. Wanneer pakke kerse of vuurhoutjies uitgedeel word, laat die man se hoofrekenegter dikwels in die steek, sodat die eerstes twee pakke kerse kry en die laastes slegs drie kerse. Klagtes word dan by die kommandant ingedien oor die onregverdige verdeling, hy "praat dan weer mooi" en almal is tevrede.⁶¹ Van boekhou oor die uitdeling het ook nie veel gekom nie. Plokhoooy verduidelik: "De 'klerk' deed meestal liever iets anders dan schrijven en zoo komt het dat alles dreef op het geheugen van dezen gewichtigen man."⁶²

Met die gelyktydige ineenstorting van die Natalse, suidelike en westelike fronte aan die begin van Maart 1900 het daar 'n langsame dog algemene terugval van die Boeremagte plaasgevind. Dit het die voorsiening van voorrade vir mens en dier uiteraard geraak, aangesien die krygskommisaris van die onderskeie kommando's beswaarlik kontak met die regeringskommisariate kon behou om hul burgers van lewensmiddele te voorsien. Die ongelukkige gevolg vir die burgers was kritieke en sporadiese gebrek aan voorrade en bittere ontbering,⁶³ sodat groot ontevredenheid ontstaan het. Simon Begeman, later kommandant van die Barbertonkommando, verklaar in April 1900 ronduit in sy dagboek in die Suidoos-Vrystaat dat jy nie onwillig is om vir jou land te veg nie, maar dan moet die land kos in voldoende mate verskaf, wat hier sekerlik nie die geval is nie.⁶⁴ Treffend merk Jan Celliers in Mei 1900 op: "Het commissariaat bij ons is de troon en zetelplaats van de teleurstelling, en *neen* het onvermijdelijke antwoord op tien uit elke twaalf aanvragen."⁶⁵

Die regeringskommisariate verdwyn in die guerrillafase

Na regte was die ineenstorting van die fronte die begin van die verdwyning van die regeringskommisariate soos dit voor die val van die hoofstede – Bloemfontein op 13 Maart en Pretoria op 5 Junie 1900 – gefunksioneer het. Hierna sou die krygskommisariate te velde opereer en sou hulle mettertyd by die kommando's self ingedeel word totdat die regerings-voorrade

57. TAB, A374, Dr. O. Muller-aanwinst, Dagboek van H. de Munnik, 26.10.1899, p. 68.

58. *Ibid.*, November 1899, p. 91.

59. TAB, Prellerversameling, 10, L. Botha – S.W. Burger, 10.12.1899, p. 19; C. Plokhoooy, pp. 44–45.

60. C. Plokhoooy, p. 46.

61. TAB, Leyds-argief, 782, Dagboek van E. Boursse, 6.10.1899, pp. 2–3.

62. C. Plokhoooy, p. 46.

63. Vgl. bv. A.G. Oberholster, 2 en 4.3.1900, p. 77, 14.3.1900, p. 82, 14.4.1900, p. 93; TAB, A1271, S. Begeman-aanwinst, 1(a), Dagboek van Begeman, 7.4.1900, p. 25; *Ibid.*, 1(b), 12.4.1900–1.5.1900, pp. 66–98.

64. TAB, A1271, S. Begeman-aanwinst, 1(b), Dagboek van Begeman, 26.4.1900, pp. 90–91.

65. A.G. Oberholster, 21.5.1900, p. 108.

uitgeput was. Daarna sou die kommando's en veldkornetskappe self metodes vir die verkryging en voorsiening van voedsel moes vind.

Reeds teen Junie 1900 kon die Vrystaatse krygskommissariaat, op enkele uitsonderings na,⁶⁶ hoofsaaklik slegs vleis en meel aan sy kommando's bied.⁶⁷ Selfs die Transvaalse krygskommissariaat het meel van hulle ontvang.⁶⁸ Tydens die eerste dryfjag op genl. De Wet in Julie-Augustus 1900 het die burgers hoofsaaklik van vleis en soms meel gelewe.⁶⁹ "Inderdaad behooren deze tijden tot de zwaarste dien ik in den oorlog meemaakte", onthou genl. C.C.J. Badenhorst van die voedselgebrek en ontbering tydens die eerste dryfjag.⁷⁰

Die eerste dryfjag op De Wet het egter 'n waterskeiding vir die voorsiening van lewensmiddele aan die Vrystaters beteken. Einde Julie 1900 het Marthinus Prinsloo met meer as 4 000 man oorgegee en was die krygskommissariaat saam met hom verlore.⁷¹ Ná De Wet se terugkeer na die Vrystaat in September 1900 en die gelyktydige Britse afsluiting van die Vrystaatse toevoerrote na die Oos-Transvaalse krygskommissariaat, het daar gevolglik saam met die reorganisasie van die Vrystaatse magte, by elke kommando die inskakeling van 'n kommissariaat plaasgevind.

Met die tweede en derde dryfjagte op De Wet tussen Desember 1900 en Februarie 1901 het die inhoud van die Vrystaatse kommandokommissariate veel te wense oorgelaat en skaapvleis was feitlik al wat die burgers ontvang het.⁷² Die Britse verskroeiende aardebeleid wat sedert die begin van 1901 met hernieuwe ywer deur lord Kitchener met sy groot veegbewegings toegepas is, het verder meegebring dat die Vrystaters voedsel in die guerrillafase met moeite bekom het.⁷³

Die vernietiging van groot hoeveelhede lewensmiddele by Hectorspruit in September 1900 het 'n belangrike ontwikkeling in die bevoorrading van die Oos-Transvaalse kommando's meegebring. Met die tydelike uitwyking van hierdie kommando's in 'n noordwestelike rigting en die Britse besetting van die spoorlyn in dieselfde stadium het die Boere nou vir die res van die oorlog die beheer van hierdie belangrike spoorlyn prysgegee. Dit het beteken dat die Oos-Transvaalse kommando's met drasties verminderde voorrade te velde, weg van die spoorlyn, moes opereer. Genl. Ben Viljoen vertel dat hulle op hierdie wyse van hul gereelde regeringskommissariate afskeid geneem het en dat die krygskommissaris by die kommando's ingedeel is. Elke kommando het voortaan oor sy eie kommissariaat beskik waar hoofsaaklik die stapelvoedsel vleis en soms mielies of meel verkry kon word.⁷⁴ Voortaan was die Oos-Transvalers soos die Vrystaters op hulself aangewese vir voorrade.

66. H. Verloren van Themaat, p. 138.

67. Vgl. bv. Vrystaatse Argiefbewaarpark (hierna VAB), Argief van die Goewermentsekretaris (GS), 2232, Krygskommissariaat van Bethlehem – M. Prinsloo, 20.6.1900; Krygskommissariaat van Bethlehem – A. Kleinhans, 22.6.1900; S. van Niekerk – Krygskommissariaat, 23.6.1900; J. van Reenen – Krygskommissariaat, 22.6.1900; D. Pretorius – Krygskommissariaat, 22.6.1900.

68. TAB, A356, Dr. H.D. van Broekhuizenversameling, 9, Si Omong, "Met genl. de Wet in den Vrystaat", p. 8.

69. J.J. Oberholster, Dagboek van Oskar Hintrager, *Christiaande Wet-Annale*, 3 (Bloemfontein, 1973), 25 en 27.7.1900, p. 91, 29.7.1900, . 93, 1.8.1900, p. 98; H. Verloren van Themaat, p. 146.

70. C.C.J. Badenhorst, *Uit den Boeren-Oorlog* (Amsterdam, 1903), p. 48.

71. F. Rompel, "Die drukpers op kommando", *Die Burger*, 30.7.1938.

72. H. Verloren van Themaat, p. 228; C.R. de Wet, pp. 277-278.

73. Vgl. bv. TAB, A247, Saamwerk-Unie-aanwinst, II, Herinneringe van P.J. Jacobs, p. 4 en IV, P.J. Jacobs, "Kommandolewe", p. 2.

74. B.J. Viljoen, *Mijne Herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog* (Amsterdam, 1902), pp. 319 en 321; E.J. Weeber, *Op die Transvaalse Front* (Kaapstad, 1942), p. 72; J.H. Cilliers, "Kommandolewe", *Historia* 1(3), September 1959, pp. 196-197.

En tog sou daar in Januarie 1901 'n kommissariaat sy verskyning op Pelgrimsrust maak met voorrade wat uit winkels van die omgewing opgekommandeer is.⁷⁵ Die plaaslik gestasioneerde kommando's soos die Johannesburgers sou sodoende vir ten minste nog 'n jaar periodiek van sommige voorrade voorsien word.⁷⁶ Burgers van ander streke, soos die Middelburg-Roosenekal-Rhenosterkop-omgewing wat herhaaldelik deur Britse kolonnes in hul verwoestingswerk deurkruis is, was van hierdie voorreg uitgesluit.⁷⁷ Ook die kommando's suid van die Delagoabaaispoorlyn is van die voorrade by Pelgrimsrust ontsê omdat die blokhuisstelsel wat Kitchener tussen Januarie en November 1901 ontwikkel het, die bewegings van die kommando's al hoe doeltreffender aan bande begin lê het. Wanneer die gevaarlike tog na Pelgrimsrust egter onderneem is, het die bestellings ingestroom.⁷⁸

Genl. J.H. de la Rey se vertrek vanuit Oos-Transvaal na die westelike distrikte van die ZAR in Julie 1900 het beteken dat sy kommando's voortaan op hulself vir voorrade aangewese sou wees.⁷⁹ Die Regering sou hom van tyd tot tyd uit Oos-Transvaal van fondse voorsien om die nodige voorrade aan te koop.⁸⁰ Van gereelde uitdeling van voorrade was daar egter in die hartjie van die winter van 1901 by Jan Celliers se voetgangerlaer geen sprake meer nie.⁸¹ Teen September 1901 het die toestand "verbeter" deurdat vleis weer gereeld uitgedeel is. Origens moes elkeen maar min of meer toesien dat hy iets te ete kry.⁸² Teen April 1902 het Celliers en sy makkers ervaar dat voedsel bepaald skaars begin word het. Meel is af en toe uitgedeel, terwyl vleis ook maar baie selde ontvang is.⁸³

In die Kaapkolonie het genl. Jan Smuts spoedig besef dat sy kommando's in klein groepies moet opereer ten einde voedsel in die hande te kry.⁸⁴ Vanweë die verspreide operasies het elke kommando ook in die Kaapkolonie sy eie kommissariaat aangehou.⁸⁵

So het elke kommando oor die hele oorlogsterrein dus basies sy eie kommissariaat in die bewegingskrygfase opgebou uit voorrade wat uit die omgewing verkry is. En wanneer 'n kommando of veldkornetskap oor 'n wye terrein opgebreek was, was elke korporaalskap of groepie burgers uiteraard meer op hulself aangewese vir die verkryging van voorrade.

Offisiere met die rang van kommandant en hoër het in die guerrillafase toestemming van die leerleiding ontvang om voorrade met kwitansies van nie-diensoende burgers en selfs van diensdoende burgers te kommandeer.⁸⁶ In die praktyk het veldkornette ook hierdie reg besit.⁸⁷ Die kommandering van voorrade het egter hoë eise aan die inwoners gestel, veral nadat die verskroeiende aarbeleid teen Januarie 1901 verskerp is. Só het 'n burger in Julie 1901 in Oos-

75. M.E.R., *Oorlogsdagboek*, 2de druk (Kaapstad, 1976), 25.1.1901, p. 128.

76. R.W. Schikkerling, *Hoe ry die Boere* (Johannesburg, 1964), 12.3.1901, pp. 150-151, 6.4.1901, pp. 161-162, 10.4.1901, p. 163, 17.9.1901, p. 301; TAB, W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 9, 11.1.1902.

77. B.J. Viljoen, pp. 267-268.

78. TAB, W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 9, 11.1.1902.

79. Vgl. bv. D.S. van Warmelo, p. 201.

80. Vgl. bv. TAB, A547, Genl. J.H. de la Reyversameling, 1, pp. 1-3.

81. A.G. Oberholster, 14.7.1901, p. 262.

82. *Ibid.*, 12.9.1901, p. 289.

83. *Ibid.*, 12.4.1902, pp. 365-366.

84. W.K. Hancock and J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers* (Cambridge, 1966), I, p. 440.

85. TAB, Prellerversameling, 79, Herinneringe van vk. J.S. van der Merwe, p. 18; O.J.O. Ferreira, *Memoirs of General Ben Bouwer* (Pretoria, 1980), pp. 207, 219 en 224.

86. TAB, Prellerversameling, 18, Aanstelling van W. Mears as kommandant, C.R. de Wet, 25.9.1900, p. 41; TAB, A239, Maj. A.L. la C. Bartrop-aanwins, Verklaring van J.B.M. Hertzog, 6.1.1902; TAB, A263, Brig.-genl. R.N. Smyth-aanwins, F, Verslag van Louis Botha in die *Ermelo Post*, 16.3.1901; VAB, A138, R. van Selmsversameling, 3, Sirkulêre van C.R. de Wet, 20.4.1902.

87. R.W. Schikkerling, 5.7.1901, pp. 240-241.

Transvaal teruggedeins vir die taak van die veldkornet “om van weerlose boere hulle laaste paar stuks vee te koop, of eintlik te vat in ruil vir waardelose kwitansies en ‘blue backs’.”⁸⁸ Jan Celliers het vroeg in Mei 1902 verklaar dat die offisiere in Wes-Transvaal altyd huiwerig gebly het om hul kommanderingsreg streng uit te oefen.⁸⁹

Vroue en nie-dienstoende, meestal bejaarde mans, het in die guerrillafase ook voedsel aan individuele burgers of groepies burgers verskaf. Dit was geen ongewone verskynsel dat burgers goeie verhoudings met families op plase opgebou het wie se opstalle nog nie deur die Britse kolonnes afgebrand en wat nog nie na die konsentrasiekampe weggevoer was nie. Hierdie mense het dikwels van hul karige voorrade aan die burgers afgestaan. In Oktober 1900 was Marthinus Viljoen en ’n paar makkers in Oos-Transvaal “banja gelukkig” om brood en melk van ’n “ou dik ou tanta te krygen.”⁹⁰ Miskien het C.G.C. Rocher sy ervarings in die omgewing van Lichtenburg die beste namens die burgers verwoord: “Nog blyf ik die goede menschen dankbaar voor hunne goedheid . . . Ik kwam dikwyls later [in den oorlog] weer by de Retiefs en nooit ging ik weg zonder dat zy my iets hadden gegeven mee te nemen – hetzy een koekje zeep, garen, suiker of koffie . . . Brave vrouwen uwe daden zullen niet vergeten worden.” In Julie 1901 moes Rocher ervaar dat hierdie families deur die vyand na ’n konsentrasiekamp weggevoer was. Hulle kon dus nie meer van hulle hulp verwag nie.⁹¹ Vir ander burgers het hierdie bron van voedsel om dieselfde rede ook kleiner geword,⁹² hoewel sommige families hul opstalle tot in 1901 ongeskonde behou het waar burgers gasvry ontvang is.⁹³

Talle vrouelaers van kleiner en groter formaat het in die guerrillafase in die veld rondgeswerf nadat die Britse kolonnes hul opstalle verwoes het. Hoewel die kommando’s deur middel van voedselkommissies oor die algemeen vir die vrouelaers voorsien het, het die individuele burger of groepie maats steeds van die vroue voedsel ontvang wanneer dit vir hulle moontlik was.⁹⁴ Seker die bekendste van hierdie dames was mev. Nonnie de la Rey, eggenote van die Generaal. Van haar onthou Rocher: “zy gaf ook zoverre het in haar vermogen was zulks te doen, vergetende dat zy zelf alles eens zal nodig hebben. Zy zeide steeds de Heere zal wel zorgen.”⁹⁵ Ook vroue wat met hul kinders in herboude kamers of murasies van afgebrande wonings gewoon het, het wanneer moontlik ’n oop hand vir die burgers gehad.⁹⁶ Van een so ’n gesin in Wes-Transvaal het Jan Celliers teen die einde van 1901 weekliks sy karringmelk gekry: “Kijk, als men ’s avonds moe en nat bezweet is van den veldarbeid dan smaakt zoo een bakje karnemelk met roosterkoek er in gebroken heerlijk dan het rijkste menu van den lekkerbekigsten millionair,” teken hy in sy dagboek op.⁹⁷

Perdevoer

Die voorsiening van perdevoer deur die Hoofkomitee het basies voor dieselfde probleme as die verskaffing van die burgers se lewensmiddele gestuit. Die losse administrasie, die gebrek aan behoorlike vervoer en veral ’n gebrek aan voldoende perdevoer het hiervoor gesorg. By Mafe-

88. *Ibid.*, 5.7.1901, p. 241.

89. A.G. Oberholster, 4.5.1902, p. 373.

90. *Ibid.*, Dagboek no. 3, 26.10.1900.

91. TAB, Prellerversameling, 62, Herinneringe van C.G.C. Rocher, p. 160.

92. OM, Herinneringe-lêer, P.J. Kotzé.

93. TAB, Prellerversameling, 62, Herinneringe van C.G.C. Rocher, p. 182.

94. Vgl. bv. J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp “bókant” de Wet* (Rotterdam, 1903), p. 286 en A.G. Oberholster, 4.12.1901, p. 322.

95. TAB, Prellerversameling, 62, Herinneringe van C.G.C. Rocher, p. 153.

96. Vgl. bv. R.W. Schikkerling, 6.4.1901, p. 161 en A.G. Oberholster, 27.11.1901, p. 319.

97. A.G. Oberholster, 30.11.1901, p. 320.

king het Stafleu op 5 Oktober 1899 op die gebrek aan die nodige amptenare vir die uitdeling van die voer gewys.⁹⁸ In Desember 1899 was daar klagte vanuit Natal oor die onvoldoende hoeveelheid perdevoer.⁹⁹ Van Colesberg af het die korrespondent van *The Standard and Diggers' News* einde Desember berig dat die burgers baie ontevrede is dat die voorrade voer vir hul stomme diere so onvoldoende en ongereeld is. Twee weke later het hy berig dat daar klaarblyklik nog niks aan die saak gedoen is nie en dat baie van die perde in 'n betreurenswaardige toestand is.¹⁰⁰ By die Magersfonteinsettings het Karel Coetsee einde Januarie 1900 aangeteken dat daar dié aand geen voer was om uit te deel nie, en dat die burgers ietwat opstandig was, te meer omdat hul verneem het dat vk. De Wet van Thaba 'Nchu of sy veldkornetskap klaarblyklik met 'n besending bevoorreg is.¹⁰¹ Teen middel Februarie 1900 het daar by die Proviandkommissie in Pretoria klagte van Norvalspont af gekom dat hawergerwe, versend deur die landdros van Potchefstroom, slegs 1 lb. in plaas van minstens 3 lbs. geweeg het.¹⁰²

'n Belangrike bron van perdevoer was die weiding wat die veld gebied het. Veral aan die suidelike en wesfront was die veld vroeg uitgetrap en afgevrete vanweë die skielike oorbeweidings deur 'n menigte vee wat deur die kommando's van hul tuisdistrikte saamgebring is. By die Vrystaatse hooflaer aan die Modderrivier het 'n burger twaalf dae ná die uitbreek van die oorlog trouens gekla dat die gras heeltalmaal gedaan was vanweë die baie vee, en dat die veld origns uit bossies bestaan het wat vir die vee ongeskik was omdat hulle nie daaraan gewoond was nie.¹⁰³ Teen Februarie 1900 is daar by die Magersfonteinsettings ervaar dat die reën-buitjies ook nie die veld aanhelp nie.¹⁰⁴

Die voorsiening van perdevoer het met die verbrokkeling van die fronte vroeg in Maart 1900 sorgwekkende afmetinge aangeneem. Genl. D.J.E. Erasmus het die Hoofkomitee op 22 Maart vanaf Glencoe meegedeel dat dit met die verkryging van perdevoer "zeer beroerd" gaan. Soms gebeur dit dat hy 'n week lank byna niks vir sy Pretoria- en Bethalkommando kry nie.¹⁰⁵ Erasmus se ervaring wek geen verbasing nie, aangesien die Hoofkomitee reeds op 8 Maart erken het dat hy voorlopig geen saadhawer in voorraad het nie.¹⁰⁶ In April 1900 het die Boksbuurgkommando onder kmdt. G.H. Gravett in sy terugval-aksie vanaf die suidelike front beleef dat voer wat vir twee perde geskik was, onder agt perde verdeel moes word, terwyl Lukas Meyer terselfdertyd vanaf Glencoe die Hoofkomitee aangespreek het omdat hy basies brandare en bederfde bale hawergerwe ontvang het.¹⁰⁷

Ofskoon die Oos-Vrystaat in die guerrillafase periodiek vir die lewering van perdevoer aan die kommando's gesorg het, het lord Roberts en veral lord Kitchener se verskroeiende aardebeleid die voorsiening van voer aan die kommando's dwarsdeur die oorlogsterrein ernstig in die wiele gery. Met die verdwyning van die regeringskommisariate teen September 1900 het die perde afhanklik geraak van voer wat die individuele kommando's op afgeleë plekke kon

98. A.P. Smit en L. Maré, 5.10.1899, p. 29.

99. TAB, C3, 32, Proviandkommissie – SCC van Elandsplaagte, 6.12.1899.

100. Private versameling, F.H. Beyers, Korrespondensie, C.F. Beyers, 31.12.1899, p. 14 en 12.1.1900, p. 24.

101. TAB, A61, K.D. Coetsee-aanwins, Dagboek van Coetsee, 30.1.1900.

102. TAB, C3, 43, Proviandkommissie – Landdros van Potchefstroom, 17.2.1900.

103. TAB, A1449, Dr. J. Oosthuizen-aanwins, 2, Dagboek van genl. F.J.W.J. Hattingh, 23.10.1899, p. 3.

104. A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* (Kaapstad, 1939), p. 134.

105. TAB, C3, 43, D.J.E. Erasmus – HCC, 22.3.1900.

106. *Ibid.*, 43i, SCC van Newcastle – HCC, 8.3.1900.

107. TAB, A1271, S. Begeman-aanwins, 1(b), Dagboek van Begeman, 14.4.1900, pp. 69-70; TAB, C3, 43, L. Meyer – HCC, 5.4.1900.

verbou, of wat van burgerlikes aangekoop is op plase wat nog nie deur die Britse kolonnes verniel was nie of wat van swartes gekoop of eenvoudig geneem is. Vermoënde burgers was in 'n gunstiger posisie as ander om voer op plase aan te koop. As laaste uitweg was perde vir hul voer aangewese op weivelde wat nie onder die verskroeiende aarde-beleid deurgeloopt het nie of reeds daarvan herstel het.¹⁰⁸ Met die vredesamesprekings te Vereeniging in Mei 1902 het dit geblyk dat perdevoer in die grootste gedeelte van Oos-Transvaal, enkele gedeeltes van die Vrystaat soos Heilbron en in die Kaapkolonie besonder skaars was, sodat die toestand van perde veral in dié gebiede groot sorg gebaar het.¹⁰⁹

Die Vrede

Die sorgloosheid of die vertrouwe dat hulle wel vorentoe kos sal kry, was besonder kenmerkend van die Boere te velde, soos 'n Duitse vrywilliger in Julie 1900 by die Vrystaters opmerkzaam aangeteken het.¹¹⁰ Celliers het verskeie kere in 1901 en 1902 in Wes-Transvaal aangeteken dat hulle hul nie ongerus maak oor 'n gebrek aan voedsel nie, aangesien daar altyd uitkoms is.¹¹¹ In Oktober 1901 het ook genl. Piet Viljoen in Oos-Transvaal genl. Botha meegedeel "dat het nu bitter zwaar gaan kost te krygen . . . maar wy zullen ons maar niet bekommeren, na tyd kom raat."¹¹² Inderdaad was daar altyd uitkoms. Oomblikke ná die grootste gebrek was alles volgens Schikkerling oorvloedig.¹¹³ Vyf dae voor die Vrede het Celliers erken: "De wijze waarop ik nog altijd geholpen ben geraakt vervult mij met een stille dankbaarheid, wanneer ik maar even terug denk, en beschaamt de bezorgdheid voor den morgen die mij maar al te dikwijls gekweld heeft."¹¹⁴

Hierdie soort tydige uitredding was egter geen basis waarvolgens die kommando's onbepaald in die veld kon bly nie. Die Britse verskroeiende aarde-beleid sou dit bevestig. By die vredesamesprekings te Vereeniging was die algemene voedselposisie soos deur die Boereleiers geskets 'n bron van groot kommer. Uit die verslae het dit duidelik geblyk dat daar vanweë die Britse verskroeiende aarde-beleid tien of elf distrikte in Oos-Transvaal asook die distrik van Heilbron in die Noordoos-Vrystaat was waar daar geen of weinig voedselvoorrade vir die kommando's en vir die Boerevroue en -kinders in die veld oor was. Daarteenoor was die res van die Vrystaters asook genl. C.H. Muller van die operasionele gebied noordoos van Pretoria en J.L. Grobler van Carolina van mening dat hulle wel voldoende voorrade in hul distrikte gehad het om die stryd voort te sit; was genl. Beyers trouens daarvan oortuig dat daar genoeg voorrade in die Zoutpansbergdistrik was om die burgers van albei Republieke vir 'n jaar lank te onderhou en het genl. Kemp selfs gereken dat sy kommando's vir nog twee jaar met hul voedselvoorrade die stryd sou kon volhou.¹¹⁵

108. TAB, A356, Dr. H.D. van Broekhuizenversameling, 9, Si Omong, "Met genl. de Wet in den Vrystaat", p. 8; H. Verloren van Themaat, p. 309; R.W. Schikkerling, 14.3.1901, p. 151; TAB, A1271, S. Begeman-aanwinst, 1(a), Dagboek van Begeman, 15.3.1900; C.R. de Wet, p. 412; VAB, A119, Renierversameling, No. 763, M. Havinga, "Uithouvermoë van 'n perd".

109. C.R. de Wet, pp. 408, 412, 413-414, 415, 416 en 421-422.

110. J.J. Oberholster, 18.7.1900, p. 86.

111. A.G. Oberholster, 13.1.1901, p. 196, 13 en 14.7.1901, p. 262, 1.8.1901, p. 268, 30.8.1901, p. 282, 9.9.1901, p. 288, en 23 en 25.3.1902, p. 359.

112. TAB, Prellerversameling, 34, P.R. Viljoen - L. Botha, 9.10.1901, p. 631.

113. R.W. Schikkerling, 26.6.1901, p. 228.

114. A.G. Oberholster, 27.5.1902, p. 380.

115. J.D. Kestell en D.E. van Velden, *De Vredesonderhandelingen tusschen de Regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britsche Regeering* (Amsterdam, 1909), pp. 22-23, 57-66, 70, 75 en 85; S.B. Spiess, *Methods of Barbarism?* (Kaapstad, 1977), p. 286.

'n Probleem was egter dat die kommando's van die distrikte waar die stryd voortgesit kon word, naas eie graanverbouing en veestapels, vir hul lewensmiddele van die buit van Britse voorrade en handel met swartstamme afhanklik was.¹¹⁶ Dit het 'n ernstige vraagteken agter die deurlopende en gewaarborgde beskikbaarheid van voorrade geplaas. Daarbenewens het die militantheid van die swartstamme in die noordelike halfmaan vanaf Suidoos- tot Noordwes-Transvaal soveel bedreiging vir die kommando's ingehou en het die blokhuislinies die bewegings van die kommando's sodanig beperk dat indien die Transvalers sekere distrikte moes prysgee en in 'n kleiner gebied opereer, die Britse kolonnes ook daar sou konsentreer en die kommando's makliker in die verwoeste en kleiner operasionele terrein tot oorgawe sou kon dwing.¹¹⁷ Tereg besluit S.B. Spies dat die Britse beleid om die oorlogsterrein van voorrade te stroop 'n belangrike rol gespeel het om die Boere-afgevaardigdes ten gunste van vrede te beïnvloed.¹¹⁸

116. J.D. Kestell en D.E. van Velden, pp. 57-60, 63-64 en 66.

117. *Ibid.*, p. 85; S.B. Spies, p. 287.

118. S.B. Spies, p. 287.